KOMMUNIKAMMA

NG KERK
KRAGGAKAMMA
ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE

Teks vir die week:
Heb 13:5b-6
God self het gesê: *"Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie."*
Daarom kan ons met vertroue sê: *"Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?"*

SAKE vir GEBED:
* Johan Kritzinger (oom Krit) se broer is oorlede.
* Bid vir die verkiesing.
* Die span wat uitgereik het na Irak is tans oppad huistoe. Janine, Therese, Adri en Marelle kom laat vanmiddag in PE aan. Bid vir veilige vlugte en uitrus saam met hul geliefdes.

*** **Ons bid saam met die Christen-bekeerlinge in Saoedi-Arabië dat God die pad vir hulle sal voorberei om die evangelie met hul familielede effektief te deel.**

Gebed vir die verkiesing op 8 Mei 2019
God van medelye en hoop, U wat oor alle aardse regeerders troon, lei die burgers van Suid-Afrika wat eersdaags leiers verkies.
Ons bid dat die politieke partye hul planne eerlik en helder sal kommunikeer, dat die kiesers hulle stemme in veiligheid en met vertroue kan uitbring, en dat diegene verantwoordelik vir die verkiesing effektief sal wees om te verseker die uitslag word deur almal aanvaar.
Ons bid dat die nuwe regering ondersteuning sal geniet terwyl hulle een nasie bou waarin almal hulle gawes kan beoefen om by te dra tot gemeenskaplike voordeel.
Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen

KERMIS
Dank die Here wat ons bederf het met 'n heerlike kermisdag. Baie dankie ook aan elkeen wat, op watter manier ookal, deel was van ons kermis.
Die voorlopige inkomste van die kermis is **R160239.40.**
Die pretdraf het **R4 490.00** ingesamel vir die Bybelgenootskap.

SONDAG 5 MEI 2019

08:30 Eietydse diens
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens

Teebeurt vandag: Kappertjie sel
Teebeurt 12 Mei: Papawer sel
Die deurdankoffer is vir Maranatha

MAANDAG 6 MEI
09:30 Biduur KKU.
12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 7 MEI
11:00 Diens Stella Londt.
Leef@kerk.

VRYDAG 10 MEI
MANNEBYEENKOMS
05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 12 MEI
08:30 Eietydse diens
09:45 Kategese
10:00 Klassieke diens

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU
Die 1ste fase van verbeteringe aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbeteringe aan die moederskamer en klank in. Een kontrakteur het getender. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

 # Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880.

Ons is opsoek na persone wat wil help met die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:
Help met plaas van terugvoer van diensterreine/ kleingroepe, Geestelike 'padkos', taalversorging, fotogalery, Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriewe Samestelling van kuberkamma Beplanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester.
Let wel: Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.
ePos kuberkamma@ngkraggakamma.co.za vir meer besonderhede.

SKRYWE VAN DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD ONTVANG

Die gemeente word hartlik bedank vir die finansiele bydrae wat die CMR ontvang het. Ons begroot om die CMR hierdie jaar met R23 400.00 te ondersteun.
Die bestuur van die CMR neem vrymoedigheid om die volgende versoeke te rig:
Daar is tans 'n 17 jarige dogter, wie se ouers oorlede is, wat in graad 12 is en gemotiveerd is om haar skoolloopbaan te voltooi. Sy woon by haar suster, wat self jonk is. Die dogter moet vir die bywoon van skool en ekstra klasse van vervoer gebruik maak. Dit kos R480 per maand. Die versoek is vir finansiële ondersteuning wat streng deur CMR geadministreer sal word.
Daar is ook gereeld versoeke vir toiletware vir seuns en dogters wat nie deur hulle ouers aan hulle verskaf kan word nie. Voorrade vir hierdie artikels word by CMR kantore gehou, maar is tans totaal uitgeput. Toiletware en fondse om die items aan te koop word benodig.
Die jaarlikse Kinderbeskermingsweek vind plaas van die einde van Mei tot 5 Junie 2019. Nagenoeg 2500 kinders by 4 skole word bereik. Soos gewoonlik word beplan om aan elke kind iets kleins te gee om die boodskap wat deur die program uitgebeeld word, vas te lê. Die idee is om 'n liniaal met 'n boodskap hoe om selfbeskerming toe te pas, daarop gedruk, aan elke kind te gee. Finansies om dit 'n werklikheid te maak word benodig.
Indien u wil help kan u met ons kerkkantoor of Louria Möller by 0828230657 of 041-3653515 kontak.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Ons hou hierdie jaar in plaas van die Vrouekamp, **'n** Ka**mp vir Egpare**, naweek van 4 Oktober by Eersterivier.
Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap) Belangstellende egpare kan Roenel van Rooyen skakel.
Gesels met mekaar daaroor en gee jul name vir Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357)per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings vir die kamp, gee ook jou naam en noem dat jy graag vir help.
Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir mense om te bly, daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek, kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.
Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.
Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die ***vorm vir nuwe intrekkers*** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.
Teken gerus in op ons e-nuusbrief by ***kuberkamma@ngkraggakamma.co.za*** Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf ***www.ngkraggakamma.co.za.***

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende persone wat in die jaar by ons gemeente aangesluit het.
Mag julle gou tuis voel en deel word van die gemeente:
Freddie en Marisa van Wyk, Worackerstraat 62, Newtonpark.
Johanna Olivier, Stella Londt 87.
Christoff en Yolandi van der Merwe en Anna Fielding, Caledonrylaan 18, Framesby uitbreiding.
Celia Coetzer, Cassia Gardens 46.
Xennie en Vina Visagie en kinders Huan en Leera, Rinalaan 19, Framesby.
Jacques en Tanja Claassen en kinders Jacques en Leandi, Ralstonweg 6, Fernglen.
Phillip en Felicity Kapp, Smallville Villas 12, Morningside.
Talita van Rensburg en seun Justin, Balsamstraat 48, Linton Grange.
Andre en Ilse van Niekerk en seun Renaldu, Tuliplaan 32, Sunridgepark.
Pieter en Adri de Wit en kinders Emma en Ben, Plot 281B, Chelsea.
Reneé Hough, Kraggakamma Uitspanning 96.
Johan en Denise Robbertse, Wistariastraat 4, Linton Grange.
Christa Bezuidenhout, Hackiuslaan 4, Fernglen.

BESOEK AAN CALA

Een van die bedieninge wat ons gemeente maandeliks finansieel ondersteun, is Cala gemeente. Ds Derik Myburgh is daar predikant. Ons wil die naweek van 10-12 Mei by hulle gaan kuier. As jy wil saamgaan, kontak Giel Meyer by 082 873 9844.

Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..